Ruiterklub Nuus

Weereens was Heilbron Ruiterklub se rit van verlede Saterdag 'n heuglike ervaring.

Twee en twintig ruiters het dit meegemaak. Daar was 'n halfstop op die plaas van Jacques en Yolanda De Wet, waar almal lekker bederf is met koue koeldrank en worsbroodjies.

Na afloop van die rit is daar gekuier en gebraai.

Desember se rit word aangebied deur Jeff en Nonna Roos, die finale datum sal nog deurgegee word.

Op die foto verskyn van links na regs Kerneels Swart, Jacques en Yolanda de Wet, Marnus van der Merwe en Malie Mouton.

Tiener droom groot

Jong, geïnspireerde skoolleerder droom groot drome. Leandri Fourie (13), dogter van Dawie en Renè Fourie van Heilbron se drome is besig om 'n realiteit te word. Leandri het deelgeneem aan Rising Models Magazine Front Cover International kompetisie. Die foto bo is gekies vir die voorblad van uitgawe 66. Talle internasionale inskrywings is ontvang wat gesorg het vir 'n tawwe kompetisie. Leandri het deelgeneem in die kategorie drie jaar tot die ouderdom van 25 jaar. Op die foto onder: Sy gaan ook in die internasionale tydskrif, Youthful Talent Model Magazine uitgawe 23 verskyn. Leandri het ook ingeskryf in ses ander nasionale kompetisies waarvan sy nog wag op uitslae.

Op die foto bo en onder Leandri Fourie. (Foto erkenning: Dawie Fourie)

Indien u in ons Kerskoerant wil adverteer kontak Jolandri by 058 852 3033

Vrouelidmate sluit jaar kuier-kuier af

Soos al die vorige jare het die vrouelidmate van die NGK Heilbron Moedergemeente 'n bedrywige jaar agter die blad. Die bestuur het 2018 op 'n hoogtepunt afgesluit en hulself met 'n kuier te OJ's bederf. Van slap-lê is daar egter nie veel sprake nie en die dames is reeds aan die woeker om hul verskeie blokke vir die gemeente se basaar op 2 Maart aanstaande jaar gereed te maak. Op die foto van links, kloksgewys, is: Marlize Naudé (Blok 3), Marina van Zyl (voorsitter), Petra Els (finansies), Desiré du Plessis (Blok 5), Lizel Els (Blok 2), Annari Combrink (sekretaresse), Louise Claasen (Blok 4) en Thea Potgieter (Blok 1).